Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Grant Abrahams**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Grant.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2574

Lêerno.: 3/3/3/1/1
Verwysing: 20231017-8881

Strategiese Mensbestuursminuut: 0013/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en Opvoeders

**Onderwerp: Belangrikheid van behoorlike prestasiebestuur**

1. Na aanleiding van Strategiese Mensbestuursminuut 0001/2023, gedateer 19 Desember 2022, word 2024 se Gehaltebestuurstelsel- (GBS-) kalender wat op alle skoolgebaseerde opvoeders (posvlak 1 tot 4), sowel as skoolgebaseerde onderwysterapeute, -beraders en -sielkundiges van toepassing is, hierby aangeheg.

2. Hierdie kalender dien as gids vir die vereiste prosedures en toepaslike sperdatums. Skole word vriendelik versoek om aan die indieningsdatums wat deur die distrikskantore gestel word, te voldoen, ten einde die sperdatums soos op die kalender aangedui, te haal.

3. Prestasiebestuur is 'n stelsel wat organisatoriese strategieë en doelwitte aan die doelwitte van sub-eenhede en dan aan individuele poste koppel. Dit is daarop gemik om rigting te gee aan individuele prestasie en dit te verbeter, sodat organisatoriese en institusionele doeltreffendheid sodoende verhoog kan word. Dit is dus 'n stelsel wat oor die ontwikkeling van bevoegdhede in die belang van die individu/ inrigting/departement gaan.

4. Deurlopende prestasiebestuur help met:
   - die vestiging van 'n kultuur van voortreflike prestasie;
   - die verbetering van bewustheid en begrip van verwagtinge;
   - die verbetering van kommunikasie;
   - die aansporing van billike en objektiewe assessering;
   - die bied van geleenthede vir ontwikkelingsbehoeftes;
   - proaktiewe bestuur van onbevredigende prestasie deur die inwerkingstelling van 'n prestasieverbeteringsplan;
   - die leiding en ondersteuning van werknemers; en
   - die daarstel van 'n grondslag vir toekomstige besluite.

5. Dit is noodsaaklik dat alle prinsipale en personeel seker maak dat prestasie-evaluerings gereeld uitgevoer word. 'n Prestasie-evaluering moet met alle opvoeders, hetsy permanent, op proef of op kontrak, uitgevoer word en elke prestasiegradering moet op bewyse gegrond wees. Die monitering en ondersteuning van prestasie deur lynbestuurders is 'n deurlopende proses.

6. Dit is die verantwoordelikheid van alle prinsipale en opvoeders om seker te maak dat halfjaar-hersienings en finale evaluerings uitgevoer word, soos uiteengesit in die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) se Gesamentlike Ooreenkoms No. 2 van 2020, gedateer 17 September 2020 en RAVO se Gesamentlike Ooreenkoms No. 2 van 2022, gedateer 23 November 2022. Dit is uiters belangrik dat daar by die sperdatums vir die indiening van die vereiste dokumente gehou word.

7. Indien die vereiste dokumente vir prestasiebestuur nie ingedien word nie, kan dit daartoe lei dat 'n opvoeder se salarisvordering nie toegestaan word nie. Prinsipale sal vir die indiening van die vereiste dokumente verantwoordelik gehou word.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders onder u toesig.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-11-01